

Slotseën

Verhef u harte tot God en ontvang die seën van die Here:

Die Here seën u en behoed u;

die Here laat sy aangesig oor u skyn en is u genadig;

die Here verhef sy aangesig oor u en gee u vrede; Amen. (Num 6:24-26.)

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen. (2 Kor 13:13.)

Mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tydjie gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (1 Pet 5:10.)